hallo.
Hoogland
20 September 2020
041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | www.facebook.com/pehoogland

Haggai 1:1-15
Eerste dinge
20 September
@ Hoogland

Kom vier saam Hoogland se verjaarsdag
by die volgende
Inry Padkafee
Vrydag, 9 Oktober vanaf 16:30

Baie welkom by Hoogland

Program vir die dag

Oggenddiens : Ds Pieter Nel
Geloofsvormingsgroepe met Mentors

Program vir die week

Maandag
Kerkraadsvergadering

Woensdag
Weeklikse Oordenking

Donderdag
Hoogland Huisgeloof
Coffee Talks

Volgende Sondag, 27 September
Oggenddiens: Ds Thania Botha
Lofkabouters *LIVE*
Geloofsvormingsgroepe (Whatsapp)

Alles is beskikbaar op die volgende platforms asook op die webblad

www.pehoogland.co.za

079 815 9325 | facebook.com/pehoogland | #hooglandpe | PE Hoogland

Dankie, Hoogland

Die Aanlyn tender proses vir die Slaglam en/of Blesbok karkas het die mooi bedrag van R4 050,00 ingebring.

Hoogland Dankoffers

Baie dankie aan elke Hooglander wat steeds getrou hulle dankoffers en Sondag-kollektes inbetaal.

Maak gerus van hierdie metodes gebruik:

SnapScan QR-kode

EFT:
ABSA Tjek
1400 149 980

Zapper QR-kode

Klank & Data bediening

Hoogland benodig hulp met beeldsending van eredienste wanneer ons binnekort met die eredienste begin.
Dit is baie eenvoudig en professionele opleiding sal vooraf gegee word.
Belangstellendes kan Leandra in die kerkkantoor kontak vir meer inligting asook oor die opleiding.

Hoogland Eredienste

begin 4 Oktober 2020 om 08:30

Die Kerkraad het besluit om op Sondag 4 Oktober weer te begin met eredienste in die kerkgebou. Ons is baie opgewonde om weer byeen te kan kom.

Ons is baie bewus dat die gevaar van die Koronavirus nie iets van die verlede is nie. Alle nodige voorsorgmaatreëls sal met die nodige noukeurigheid in plek gehou word.

Die eredienste sal van Sondag 4 Oktober ook deur lewendige beeldsending beskikbaar wees. Al die nodige inligting oor waar om die lewendige beeldsending te kry, sal in die volgende twee weke aan u kommunikeer word.

Steeds word 'n beroep gedoen dat persone wat om welke rede in 'n hoë risiko groep val, eerder van die beeldsending gebruik maak.

Dit gaan 'n voorreg wees om u weer in die kerkgebou te verwelkom!

Hoogland Help

Hoogland se ***Noodspens is dolleeg*** en die aanvraag is altyd groot. Hoogland Help benodig asseblief dringend voorraad vir die Noodspens en maskers.

Isithembiso, die baba tehuis wat Hoogland Help ondersteun, het ook spesifiek gevra vir baba *weggooi doeke nr. 1 & 2* en *NAN 1 & 2 Formule melk* vir Babas. Kom gee dit gerus by die kerkkantoor af.

Kerkraadsvergadering

Neem asseblief kennis van Kerkraadsvergadering op Maandagaand, 21 September 2020. Ons vra u voorbidding vir die sake van bespreking.

Uit die hart ...

Die moeilikste deel om uit die profeet Haggai in die Bybel te preek, is dat mense dit moet soek in hul Bybels...

Haggai skryf vir mense soos ek en jy wat hierdie lees. Soos die Ballinge teruggekeer het na Jerusalem, is ons besig om terug te keer na meer normale lewens. Dit was mense wat óók gesê het: God eerste, veral na wat ons beleef het. Die realiteit was dat met die verloop van tyd, die Ballinge, ons, energie, visie en getrouheid getaan het - *"Julle moet God bo alles liefhê."*

Miskien moet ons dan bid soos *Sir Francis Drake*, seevaarder en ontekkingsreisiger van formaat:

Disturb us, Lord, when we are too well pleased with ourselves, when our dreams have come true because we have dreamed too little, when we arrive safely because we have sailed too close to the shore.

Disturb us, Lord, when with the abundance of things we possess, we have lost our thirst for the waters of life; having fallen in love with life, we have ceased to dream of eternity; and in our efforts to build a new earth, we have allowed our vision of the new heaven to dim.

Disturb us, Lord, to dare more boldly, to venture on wider seas where storms will show your mastery; where losing sight of land, we shall find the stars. We ask you to push back the horizons of our hopes and to push us into the future in strength, courage, hope, and love.

Ds Pieter